Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

* I H I S T A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ŉ addendum van 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokumet gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKANER NASIONALISME

   VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

   VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA: 1940's TOT 1960's

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKA NASIONALISME

   VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA: GHANA

   VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA: 1940's tot 1960's

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERSKILLENDE ORGANISASIES TOT DIE ONTWIKKELING VAN AFRIKANER NASIONALISME BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat beteken die konsep *Afrikaner Nasionalisme?* (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat, volgens die bron, was die reaksie toe die Nasionale Party die 1948-verkiesing wen? (1 x 1) (1)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom so baie Afrikaners die Nasionale Party se rassistiese beleid ondersteun het. (2 x 2) (4)

1.1.4 Noem enige TWEE organisasies wat Afrikaner Nasionalisme bevorder het. (2 x 1) (2)

1.1.5 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom werkersklas Afrikaners die swartes as ’n bedreiging in die arbeidsmag beskou het. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Noem enige TWEE organisasies wat deur die Broederbond gevorm is om Afrikaner Nasionalisme te bevorder. (2 x 1) (2)

1.2.2 Wat, volgens die inligting in die bron, het die Afrikaner Broederbond beheer? (2 x 1) (2)

1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik wie se belange deur die Broederbond bevorder is. (2 x 2) (4)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die Broederbond nie ’n demokratiese organisasie was nie. (2 x 2) (4)

1.2.5 Onttrek bewyse uit die bron wat aandui dat die Broederbond ’n geheime organisasie was. (2 x 1) (2)

1.2.6 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir ’n historikus wat die werksaamhede van die Broederbond bestudeer. (2 x 2) (4)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Wat, volgens die bron, was die Ossewabrandwag? (1 x 1) (1)

1.3.2 Noem enige aktiwiteit waaraan die nasionaal-sosialistiese rebelle hulself verbind het. (1 x 2) (2)

1.3.3 Lewer kommentaar op die redes waarom die Ossewabrandwag gekant was teen Suid-Afrika se deelname, aan die kant van Brittanje, gedurende die Tweede Wêreldoorlog. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskap rakende die eeufeesvierings word deur die foto oorgedra? (2 x 2) (4)

1.4.2 Noem die organisasie/persoon wat verantwoordelik was vir die organisasie van die eeufeesvieringe. (1 x 2) (2)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe verskillende organisasies tot die ontwikkeling van Afrikaner Nasionalisme bygedra het. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: HOE HET JOODSE NASIONALISME TOT KONFLIK EN LYDING VIR DIE MENSE VAN PALESTINA GELEI?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Gebruik jou eie kennis om die volgende konsepte te verduidelik:

(a) Nasionalisme (1 x 2) (2)

(b) Sionisme (1 x 2) (2)

2.1.2 Wie het die leier van die Sionistiese Beweging geword? (1 x 1) (1)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die redes vir die totstandkoming van die Sionistiese Beweging. (2 x 2) (4)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Herzl beweer het dat dit 'n 'onafhanklike staat is wat Jode regoor die wêreld benodig'. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Gebruik die inligting in die bron en verduidelik wat 'Resolusie 181' behels. (1 x 2) (2)

2.2.2 Watter land, volgens die bron, het Palestina beheer? (1 x 2) (2)

2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Resolusie 181 deur die Arabiese Palestyne verwerp is. (2 x 2) (4)

2.2.4 Lewer kommentaar op waarom daar ook na hierdie oorlog as die 'Oorlog van Onafhanklikheid' verwys word. (2 x 2) (4)

2.2.5 Waarom, dink jy, het die Arabiese Palestyne na die oorlog as 'al-Nakba'(ramp of katastrofe) verwys? (2 x 2) (4)

2.2.6 Noem enige DRIE Arabiese lande wat Israel tydens die Eerste Arabies-Israelse oorlog binnegeval het. (3 x 1) (3)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Volgens die bron, in watter gebiede het die vlugtelinge hulself gevestig? (2 x 1) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar oor waarom die vrou die sleutel vir vyf-en-dertig jaar saam met haar gedra het. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.3.3 Hoe bruikbaar sal die inligting in die bron vir 'n historikus wees wat die vlugtelinge-kwessie bestudeer? (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap aangaande die Midde-Oosterse konflik word deur die foto oorgedra? (1 x 2) (2)

2.4.2 Identifiseer TWEE kenmerke op die foto wat aandui dat die vlugtelinge gely het. (2 x 1) (2)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Joodse nasionalisme tot konflik en lyding vir die mense van Palestina gelei het. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE PASWETTE DIE LEWENS VAN SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Noem die wet van 1952 wat veroorsaak het dat die Paswet-stelsel strenger toegepas is. (1 x 1) (1)

3.1.3 Hoe, volgens die bron, kon 'n inwoner se reg om in 'n sekere dorp te bly, herroep word? (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op die regte wat 'Seksie 10-mense' gehad het in vergelyking met trekarbeiders wat vanaf die platteland na die stede getrek het. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat het die polisieman van Bloke se pa geëis? (2 x 1) (2)

3.2.2 Lewer kommentaar op die houding van die polisieman teenoor die mans in die huis. (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die effek van die paswet-klopjag op Bloke Modisane. (2 x 2) (4)

3.2.4 Wat, volgens die bron, was die houding van Modisane se pa teenoor die klopjag? (2 x 1) (2)

3.2.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n geskiedkundige wat 'n studie doen van hoe paswette vir swart Suid-Afrikaners geïmplementeer is. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskap word in die spotprent met betrekking tot die dra van passe uitgebeeld? (1 x 2) (2)

3.3.2 Waarom, dink jy, was dit 'n vereiste vir swart Suid-Afrikaners om altyd 'n pas te dra? (2 x 2) (4)

3.3.3 Verduidelik wat met swart Suid-Afrikaners wat nie in besit van 'n pas was nie, kon gebeur. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Wat, volgens die bron, was Luthuli se opinie rakende paswette? (3 x 1) (3)

3.4.2 Haal ŉ sin uit die bron aan wat aandui dat swart Suid-Afrikaners teen die paswette gekant was. (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik Hoe vrede en harmonie in Suid-Afrika bereik kan word. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (omtrent 60 woorde) en verduidelik hoe die paswette swart Suid-Afrikaners se lewe beïnvloed het. (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

### VRAAG 4: SWART NASIONALISME

'Swart Suid-Afrikaners wat ontneem is van hul politieke, ekonomiese en sosiale regte in die vroeë 1900's, het die weg vir die opkoms van Afrikaner Nasionalisme gebaan.'

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse vanaf 1902 tot 1953. **[50]**

### VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA

Verduidelik tot watter mate Kwama Nkrumah beïnvloed is deur Pan-Afrikanisme en hoe hy Ghana gelei het om die eerste onafhanklike staat in Afrika te word.

Ondersteun jou argumente met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940's TOT 1960's

'Die Nasionale Party-regering het sy apartheidsbeleid so effektief afgedwing dat daar geen weerstand in die 1950's plaasgevind het nie.'

Bespreek hierdie stelling krities met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

## GESKIEDENIS V2
## ADDENDUM

*IHISTA4*

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERSKILLENDE ORGANISASIES TOT DIE ONTWIKKELING VAN AFRIKANER NASIONALISME BYGEDRA?

### BRON 1A

Die bron hieronder beskryf hoe die Nasional Party tot die opkoms van Afrikaner Nasionalisme bygedra het.

Die totstandkoming van die 'gesuiwerde' Nasionale Party onder leiding van D.F. Malan in 1934 het 'n nuwe hoofstuk in Afrikaner-nasionalisme ingelei. In die 'gesuiwerde' Nasionale Party het die Afrikaner 'n politieke tuiste gevind waar hul belange ekslusief vooropgestel is, en tot 'n bloeitydperk vir Afrikaner-nasionalisme gelei het. Dié nuutgevonde volkstrots, wat 'n hoogtepunt bereik het met die Nasionale Party se oorwinning in die 1948-verkiesing, kan in 'n groot mate aan die Nasionale Party se rassebeleid toegeskryf word. Die Nasionale Party het gebruik gemaak van die ondersteuning van kulturele organisasies en hul vir die ekonomiese opbou en beveiliging van die Afrikaner beywer. Die Nasionale Party was dus die party wat die Afrikaner verenig het, aangesien hul sosiale, ekonomiese en politieke belange deur die NP gedien is.

Op 'n kulturele vlak het die Nasionale Party sonder twyfel die ondersteuning van 'n wye verskeidenheid organisasies gehad. Die Afrikaner Broederbond en sy affiliate, insluitend die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) en die Nasionale Pers, het deel hiervan uitgemaak. Kulturele leiers het die jeug deur bewegings soos Die Voortrekkers en die Nasionale Studentebond gemobiliseer.

Die 1930's en 1940's is gekenmerk deur 'n eksodus van Afrikaners uit die platteland na die stedelike gebiede. Hier is die Afrikaanse middelklas in die besigheidswêreld deur professionele Engelssprekendes bedreig, terwyl die werkersklas-Afrikaner bedreig gevoel het deur die swartes in die arbeidsmark.

[Uit www.fanieosoppiejas.com/.../afrikaner-nationalism-the-factors.Toegang op 11 Februarie 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Hierdie bron beskryf die bydrae van die Broederbond om Afrikaner Nasionalisme te bevorder.

Die Afrikaner Broederbond is in 1918 gestig. Die doel van die Afrikaner Broederbond was dat ŉ a-politiese organisasie sou wees wat agter die skerms sou werk om aan die Afrikaner sy regmatige plek in die Unie van Suid-Afrika te gee.

In die 1920 grondwet het die Afrikaner Broederbond hom verbind tot ŉ Christelike-nasionale grondslag, om eensgesindheid onder alle Afrikaners na te streef en om ŉ nasionale selfbewussyn by Afrikaners aan te wakker. In hulle beginjare het hulle ŉ groot rol gespeel in die bevordering van Afrikaner Nasionalisme: die Ossewatrek van 1939, die Ekonomiese Volkskongres, Sanlam, Reddingsdaadbond en die Afrikaanse Handelsinstituut is gestig. Soos hulle invloed toegeneem het, het hulle minder op hul stigtingsdoelwitte ag geslaan.

Die Afrikaner Broederbond het begin om die Afrikaanse kerk, skool, universiteit, sakewêreld, kultuur, politiek, media en nog meer te oorheers en beheer. Hulle het soos ŉ seekat met baie arms geword. Dit het hulle agter die skerms gedoen en waarskynlik was baie mense nie eers bewus hiervan nie. Hulle het beweer dat hulle dit vir die beswil van die volk doen.

Die Afrikaner Broederbond was ŉ hoogs geheime organisasie. Niemand was seker wie die lede van hierdie organisasie was nie. Jy kon nie iewers aansoek doen om lid van die organisasie te word nie; hulle het jou genader.

[Uit www.minderheidsverslag.co.za/.../die broederbond ŉ adder in die boesem. Toegang op 11 Februarie 2019 verkry.]

**BRON 1C**

Hierdie bron beskryf die bydrae van die Ossewabrandwag tot die groei van Afrikaner Nasionalisme.

Die Ossewabrandwag was 'n semi-militêre organisasie gebaseer op die doktrines van Nasionaal Sosialisme soos deur Hitler en die Nazi-Party ingestel. Lede het met hul eie bloed 'n eed aan Hitler en sy verteenwoordiger, Robey Leibrandt, onderteken. As nasionale sosialistiese rebelle het hulle hulself verbind tot:

- Om die land in totale chaos te bring
- Om generaal Smuts te elimineer en sy vrou te ontvoer
- Om sir Ernest Oppenheimer asook alle Jode te elimineer
- Om alle myn- en kommersiële belange uit die hande van die Jode te verwyder
- Om die Eerste Minister te vermoor, en om alle kabinetsministers te arresteer en te ontsetel en die mag van die Britse Ryk in Suid-Afrika te verbreek

'n Meer aktiewe groep, nl. die Stormjaers, is ook as integrale deel van die Ossewabrandwag gestig. Dit was hierdie groep wat verantwoordelik was vir dade soos onder andere, die knip van telefoondrade, ens. Hierdie optredes het dan veroorsaak dat baie Suid-Afrikaanse soldate teruggehou moes word om stabiliteit in Suid-Afrika te verseker en dus nie teen Duitsland kon veg nie.

[Uit https:/gelofteland.org/…die Afrikaner…/2827-wie-is-die Afrikaner-…geskiedenis van die Ossewabrandwag. Toegang op 11 Februarie 2019 verkry.]

## BRON 1D

Hierdie foto toon die Retief en Pretorius Ossewaens wat in die 1930's by die eeufees aangesluit het.



[Uit *Illustrated History of South Africa: The real story* by Readers' Digest Association of South Africa]

## VRAAG 2: HOE HET JOODSE NASIONALISME TOT KONFLIK EN LYDING VIR DIE MENSE VAN PALESTINA GELEI?

### BRON 2A

Die bron hieronder, deur Theodore Herzl, beskryf die plan vir die skep van ŉ Joodse staat.

As nasionalisme ŉ probleem vir die Jode inhou deur hulle te identifiseer as ŉ vreemde en ongewenste minderheid, stel dit ook ŉ oplossing voor: selfbeskikking (selfregering) vir die Jode in ŉ staat van hul eie waar hulle die meerderheid sal vorm. Sionisme wou egter nie slegs ŉ nuwe Joodse staat in Palestina skep nie, maar ook ŉ nuwe gemeenskap, gebaseer op die universele waardes van vryheid, demokrasie en sosiale geregtigheid …

Herzl, wat die leier van die Sionistiese beweging geword het, het tot die gevolgtrekking gekom dat assimilasie (inlywing) en emansipasie (vryheid) nie sou werk nie, omdat die Jode ŉ nasie was. Hul probleem was nie ekonomies of sosiaal of godsdienstig nie, maar nasionaal. Dit volg logies vanuit hierdie idees dat die enigste oplossing vir die Jode was om die Diaspora te verlaat en hul eie onafhanklike staat te bekom waar hulle soewereiniteit kon uitoefen en ŉ staat van hul eie kon vestig (stig).

[Uit *In Search of History* deur J. Bottaro. et al.]

## BRON 2B

Hierdie is 'n uitreksel wat die stigting van die staat van Israel en die gevolge daarvan beskryf.

Op 29 November 1947, het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies Resolusie 181 (ook bekend as die Skeidingsresolusie) aangeneem wat Groot Brittanje se mandaat sou verdeel in 'n Joodse en Arabiese staat in Mei 1948. Onder die resolusie, sou die gebied van godsdienstige belang wat Jerusalem omring onder internasionale beheer bly en deur die Verenigde Nasies geadministreer word. Die Palestynse Arabiere het geweier om hierdie reëling, wat hulle beskou het as gunstig vir die Jode en onregverdig teenoor die Arabiese bevolking wat in die Joodse grondgebied onder die verdeling sou bly, te aanvaar.

Die Verenigde Nasies se resolusie het konflik aangewakker tussen die Joodse en Arabiese groepe in Palestina. Gevegte het begin met aanvalle deur Palestynse Arabiere wat verbonde was aan die Arabiese Bevrydingsleër, wat bestaan het uit vrywilligers van Palestina en omliggende Arabiese lande. Hierdie groepe het aanvalle geloods op Joodse stede, vestigings en gewapende magte. Die Joodse magte het bestaan uit die Haganah, die ondergrondse milisie (burgermag) van die Joodse gemeenskap in Palestina en twee kleiner groepe, die Irgun en LEHL. Die doel van die Arabiere was aanvanklik om die Skeidingsresolusie te blokkeer en om die vestiging van die Joodse staat te verhoed. Die Jode, aan die ander kant, het gehoop om beheer te bekom oor die gebied wat aan hulle onder die Skeidingsplan toegewys is.

Nadat Israel sy onafhanklikheid op 14 Mei 1948 verklaar het, het die gevegte met ander Arabiese magte van Lebanon, Sirië, Irak en Egipte wat by die Palestynse Arabiere aangesluit het, vererger. Die Israeli's het dit die 'Oorlog van Onafhanklikheid' en die Palestynse Arabiere het dit die 'El-Nakba' (ramp of katastrofe) genoem.

[Uit *Milestones: 1945–1952.* Toegang op 11 Februarie 2019 verkry.]

## BRON 2C

Die bron hieronder beskryf die gevolge van die konflik en die ervarings (ondervinding) van Hind Naser se moeder wat as gevolg van die Eerste Israeliese Oorlog, 'n vlugteling geword het.


Om van die voortslepende oorlog in 1948 te ontvlug, het 70 persent van die Palestynse-Arabiese bevolking vanaf hul huise en plase gevlug. Hul het gehoop om, as dinge bedaar, terug te keer; daarom het meeste na die veiligheid in die gebiede van die Wesbank en die Gaza-strook getrek. Soos dinge bedaar het, het baie families probeer om terug te keer na hul tuistes, besighede en boerderygronde, net om aangesê te word dat hulle nie welkom was nie. Omdat baie families gevlug het met slegs die klere aan hul liggame, was hulle nie in staat om grondaktes (landaktes) aan Joodse amptenare te wys nie. Die enigste bewyse wat die meeste kon voorsien was 'n eenvoudige skelet (geraamte) sleutel.

Hind Naser, die eerste plaaslike werknemer van die VNVWA (Verenigde Nasies Verligting en Werkagentskap vir Palestynse Vlugtelinge) in die Wesbank, onthou dat sy jare gelede 'n sleutel in die sak van haar moeder se tradisionele Palestynse rok gevind het: "Dis 'n sleutel van ons ou huis in Wes-Jerusalem," het haar ma haar vertel. Die sleutel het vir meer as 35 jaar in haar rok gebly. Uiteindelik, op 'n dag in 1983, het Hind met haar ma na hul ou huis teruggekeer. Na 'n gespanne gesprek met die Joodse persoon wat daar gewoon het, het haar ma die sleutel wat sy bewaar het, op die ou deurstoep geplaas en weggestap. 'n Paar maande daarna het sy gesterf.

[Uit *Palestinian Refugees Today*, No.137; UNRWA. Toegang op 11 Februarie 2019 verkry.]

## BRON 2D

Hierdie foto wys ŉ vlugtelingskamp waar Palestynse-Arabiere gedwing is om te bly as gevolg van die konflik in die Midde Ooste.



[Uit *In Search of History Grade* 12 deur J.Bottaro et al.]

## VRAAG 3: HOE HET DIE PASWETTE DIE LEWENS VAN SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Hierdie bron verduidelik hoe die apartheisregering die instroming van swart Suid-Afrikaners na die stedelike gebiede beheer het.

Die hoofdoelstelling van apartheid het vereis dat bestaande wetgewing wat Afrikane die regte vir permanente verblyf en eiendom buite die reserwes ontneem het, verskerp word. Dit het bowenal vereis dat die instroming van Afrikane na die stedelike gebiede onder streng beheer gebring word en dat die instroming van Afrikane gestop en teengestaan word. Die 1952 Naturelle Wysigingswet het bepaal watter Afrikane permanente verblyfreg in die stede gehad het. Seksie (Wetsartikel 10) van die wet het hierdie verblyfreg beperk tot diegene wat in 'n spesifieke dorp gebore was en wat vervolgens daar vir 'n periode van vyftien jaar gewoon het, of wat in die dorp in diens geneem is vir 'n aaneenlopende tydperk van vyftien jaar, of wat in die dorp gewoon het en deur dieselfde werkgewer in diens geneem is vir 'n periode van nie minder as tien jaar nie.

Hulle was beperk tot daardie spesifieke dorp en het geen reg gehad om na ander stedelike gebiede te trek en hul daar te vestig nie. Nietemin kon die verblyfreg herroep word en 'n individu kon die reg om buite die gereserveerde gebiede te woon indien hulle vir lang periodes werkloos was, of indien hulle na oordeel oorbodig sou wees vir die behoeftes van die wit bevolking as gevolg van swak gesondheid en hoë ouderdom.

In 1952 is 'n Wet, wat ironies genoeg die Afskaffing van Passe en Koördinasie van Dokumente Wet genoem is, ingestel. Swart Suid-Afrikaners was nou verplig om 'n enkele verwysingsboek te hê. Dit was 'n kriminele oortreding as hulle nie die dokumente kon toon as die polisie dit vereis het nie.

[Uit *History of Southern Africa* deur J.D. Omer-Cooper]

**BRON 3B**

Die bron hieronder deur Bloke Modisane, herroep die dag dat hy gesien het hoe sy pa gedurende 'n klopjag vir passe deur 'n polisieman bygedam is.

Toe het die mure van my wêreld ingetuimel … Daar was 'n klopjag vir passe en twee polisiemanne met hul swart 'police boys' het geëis dat hulle die passe van alle volwasse swart mans wil sien.

"Pas jong k…," het die polisieman van oom George, verlangse familie van my pa, geëis. "Toe nou, ons het nie heeldag tyd nie."

Hy sou dit nie waag om my pa so aan te spreek nie, spog ek, my pa is ouer as hy.

"En jy, hoekom sit jy op jou swart agterwêreld?" skree die konstabel vir my pa. "Krap jou pas uit, en belasting."

Ek het ineengekrimp. My pa was kalm, die sagtheid in sy gesig onversteurd, daar het net 'n hardheid in sy oë gekom; hy het sy beursie uitgehaal en sy dokumente, die Vrystellingspassertifikaat en 'n belastingkwitansie vir die huidige jaar getoon. My heldebeeld het verkrummel tot 'n duimhoog hopie as; ek kon dit nie aanskou nie, kon dit nie verstaan nie; ek het die jong konstabel gehaat omdat hy my pa vernietig het; 'n vraag het deur my gedagte geflits, ek wou weet hoekom, en ek dink ek het dit teen my pa gehou en sy integriteit as 'n man bevraagteken. Ek het my gesig weggedraai en in die slaapkamer verdwyn op soek na 'n skeur in die aarde waar ek kon inkruip en myself in 'n bondeltjie skaamte kon toevou.

[Uit *New Africa History* deur N. Frick et al.]

**BRON 3C**

Hierdie foto wys die mag wat die polisie gehad het om swart Suid-Afrikaners voor te keer en hul vir hul passe te vra.




[Uit *Pictorial History of South Africa* deur A. Preston]

**BRON 3D**

Die uittreksel hieronder beskryf waarom Albert Luthuli sy aksies van die uitbrand van sy pasboek tydens sy gedurende sy geregsverhoor verdedig het. Luthuli is aan die uitbrand van sy pasboek skuldig bevind.

> Wat ek gedoen het, het ek gedoen, omdat ek saam met my mense gevoel het dat die passtelsel afgeskaf moet word, omdat dit so baie pyn en lyding onder my mense veroorsaak het.
>
> Ons sê dat dit niks anders is nie as ŉ doelbewuste instrument vir die vernedering van ons as ŉ nasie, ŉ kenmerk (simbool) van slawerny en ŉ wapen wat gebruik word deur die owerhede (regering) om ons in ŉ posisie van minderwaardigheid te hou.
>
> Meneer, dit sal nie maklik wees vir jou om te verstaan hoe diepgewortel die weersin (haat) vir die passtelsel onder swartes is nie. As daar op enige plek in die wêreld ŉ land is wat gereeld die misdaad pleeg deur man en vrou te verhoed om saam te leef, agtienjarige oue kinders skei van hul ouers, het ek nog nooit vantevore daarvan gehoor nie. Dit is presies wat die pas in die Unie van Suid-Afrika doen.
>
> ŉ Halfmiljoen van my mense word elke jaar weens die paswette gearresteer. Die fisiese arrestasies, die detensie (aanhouding), en die gevolge soos gebroke huwelike, werk en verlies aan inkomste, is maar ŉ klein deel van die wrede (lelike) storie.
>
> In alle beskeidenheid (nederigheid) het ek deur my aksies die verantwoordelikheid onder die hoogste morele wette getoon en probeer om dit uit te voer in die beste belang vir my mense van Suid-Afrika, omdat ek oortuig is dat dit van die uiterste belang is vir vrede en harmonie tussen die verskillende rassegroepe, swart en wit, dat die passtelsel onmiddellik geskrap en geheel en al afgeskaf moet word.
>
> [Uit *Let my People Go* deur A. Luthuli]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is geneem uit:

Bottaro. J., et al *In Search of History*

Frick, N., et al *New Africa History*

Reader's Digest Association of South Africa *Illustrated History of South Africa: The real story*

Luthuli, A., *Let my People Go*

*Milestones: 1945-1952*

Palestinian Refugees Today, No.137;UNRWA

*Pictorial History of South Africa* by A. Preston

www.fanieosoppiejas.com/.../afrikaner-nationalism-the-factors

www.minderheidsverslag.co.za/.../die broederbond 'n adder in die boesem

https:/gelofteland.org/…die Afrikaner…/2827-wie-is-die Afrikaner-…geskiedenis van die ossewabrandwag

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE:** **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke en vermoëns word gedek gedurende die assessering van brongebaseerde vrae:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOE-KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisering van relevante informasie vanaf bronne<br>• Definieer historiese konsepte | **30% (15)** |
| **LEVEL 2** | • Interpretasie van bewyse van bronne<br>• Verduidelik inligting ingesamel van die bron<br>• Analiseer bewyse uit die bron | **50% (25)** |
| **LEVEL 3** | • Interpreteer en evalueer inligting uit bronne<br>• Vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid en bruikbaarheid en beperking van bronne<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bron en maak ŉ onafhanklike afleiding | **20% (10)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punt te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae.

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 × 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 × 2) wat neerkom op een rede en twee punte word toegeken (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies aangedui (✓✓✓✓).

**Paragraafvraag**
Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee kommentaar, bv.

__________ • __________________________ • _________________
________________ • __________________________ • __________
√√√√
Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

2.3 **Globale assessering van ’n opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/ daarstelling van ’n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assesseringprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel ge-assesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment/aspekte wat korrek gekontekstuleer is (ook aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyne) en ’n relevante slotopmerking, (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyne) bv. ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PVVS-struktuur in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ’n argument/’n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ’n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **V** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **V** | **Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **S** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slot nie behoorlik gekontekstualiseer nie ∧
- Verkeerde stelling ________
- Irrelevante stelling |
- Herhaling **R**
- Analise **A** √
- Interpretasie I √
- Lyn van argument LVA ↕

## 2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste lees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | }30 – 33 |
|---|---|---|
| AP | VLAK 5 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: - TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument bepaal en gestruktureer<br><br>Getuienis gebruik om argument te ondersteun.<br><br>Slotsom op grond van getuienis. | Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument.<br><br>Poog om 'n argumentslyn vol te hou.<br><br>Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer.<br><br>Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoud seleksie relevant tot die argument wat gevolg is. | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18-19** | **14–17** |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag nie geadresseer/totale irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Inhoud-keuse sluit basiese en algemene irrelevante inligting; geen poging om opstel te konstrueer nie = 1 – 6
- Vraag ontoereikend geadresseer en vaag; geen poging om opstel te struktureer = 7 – 13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERSKILLENDE ORGANISASIES TOT DIE ONTWIKKELING VAN AFRIKANER NASIONALISME BYGEDRA?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Verenig mense van 'n spesifieke taalgroep
- Enige ander relevante verduideliking (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Nasietrots (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit het slegs die belange van blankes bevorder
- Dit was 'n beleid van rasse-segregasie wat slegs die belange van blankes beskerm het
- Dit het Afrikaners verenig
- Sy beleide het die Afrikaner polities, ekonomies en sosiaal bevoordeel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Afrikaner-Broederbond
- FAK
- Nasionale Pers
- Die Voortrekkers
- Nasionale Studentebond (Enige 2 x 1) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle was ook ongeskoolde werkers soos swart werkers
- Moes meeding met swartes vir werk op die arbeidsmag/mark
- Boere het min kennis van die arbeidsmark in stedelike gebiede gehad
- Hulle was 'arm blankes' wat gedwing is om na stedelike gebiede te verhuis op soek na beter lewensomstandighede
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Ossewabrandwag
- Ekonomiese Volkskongres
- Sanlam
- Reddingsdaadbond
- Afrikaanse Handelsinstituut (Enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Kerke
- Skole
- Universiteite
- Besigheidswêreld
- Kultuur
- Politiek
- Media (Enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die Afrikaner-nasie
- Die Afrikaanssprekende wit bevolking
- Die *Volk*
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Geen ander rassegroep wat Afrikaanssprekend was, kon 'n lid van die organisasie word nie
- Dit was 'n eksklusiewe organisasie vir Afrikaanssprekende Blankes
- Moes 'n aktiewe lid van een van die Afrikaanse kerke wees
- Moes manlik wees en die potensiaal besit om invloedryk te word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- "Niemand was seker wie die lede van hierdie organisasie was nie."
  "Jy kon nie iewers aansoek doen om lid van die organisasie te word nie ..." (2 x 1) (2)

1.2.6 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 1B – V3]*
**Die bron is bruikbaar omdat:**
- Dit was 'n geheime organisasie wat Afrikaner Nasionalisme bevorder het
- Dit was 'n eksklusiewe organisasie wat slegs die belange van Afrikaners bevorder het
- Sy lede was invloedryke mense in die samelewing
- Dit het verskillende organisasies gevorm wat slegs die belange van die Afrikaner bevorder en beskerm het
- Dit het sy oorspronklike beleid om anti-polities te wees laat vaar en uiteindelik die Suid-Afrikaanse regering beheer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'n Semi-militêre organisasie (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Om die land in totale chaos te bring
- Om Genl. Smuts te elimineer en sy vrou te ontvoer
- Om Sir Ernest Oppenheimer asook alle Jode te elimineer
- Om alle myn- en kommersiële belange uit die hande van die Jode te verwyder
- Om die Eerste Minister te vermoor, om alle kabinetsministers te arresteer en te ontsetel, en om die mag van die Britse Ryk in Suid-Afrika te verbreek (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Brittanje het Suid-Afrika beheer
- Hulle het Brittanje gehaat vir die lyding wat hulle tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog moes verduur
- Hulle het nie Duitsland as hul vyand beskou nie
- Hulle wou hê Suid-Afrika moes onafhanklik word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Om op die voetspore van hul voorvaders terug te gaan
- Om Afrikaners van hul geskiedenis te herinner
- Om Afrikaner-solidariteit en patriotisme te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Afrikaner Broederbond
- Henning Klopper (Enige 1 x 2) (2)

1.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Gesuiwerde NP het die fondasie vir Afrikaner Nasionalisme gelê (eie kennis)
- NP het die belange van die Afrikaner bevorder (Bron 1A)
- NP het die Afrikaner verenig (Bron 1A)
- NP het die sosiale, ekonomiese en politieke belange van die Afrikaner gedien (Bron 1A)
- Afrikaner Broederbond wou verseker dat Afrikaners hul regmatige plek in Suid-Afrika verkry (Bron 1B)
- Afrikaner Broederbond het beoog om 'n nasionale selfbewustheid onder Afrikaners aan te wakker (Bron 1B)
- Verskeie organisasies is gestig om Afrikaner Nasionalisme te bevorder
- Ossewabrandwag is gevorm om vir die regte van Afrikaners te veg (Bron 1C)
- Afrikaner Nasionalisme herleef met eeufees (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| VLAK | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die verskillende organisasies tot die ontwikkeling van Afrikaner Nasionalisme bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die verskillende organisasies tot die ontwikkeling van Afrikaner Nasionalisme bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie eenvoudige manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die verskillende organisasies tot die ontwikkeling van Afrikaner Nasionalisme bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

## VRAAG 2: HOE HET JOODSE NASIONALISME TOT KONFLIK EN LYDING VIR DIE MENSE VAN PALESTINA GELEI?

2.1 2.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*

(a)
- Om mense met dieselfde kultuur, taal en godsdiens in een land te verenig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)
- Om aan 'n Joodse nasionale en politieke beweging te behoort
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Theodore Herzl (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om Palestina as hul tuisland te vestig
- Om Joodse nasionalisme te bevorder
- Om 'n Joodse tuisland te skep waar alle Jode welkom was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die Jode was 'n nasie
- Jode was verspreid oor die wêreld
- Jode is in sekere dele van Europa vervolg
- Jode het in agterbuurtes gewoon
- Jode moes hulself regeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Palestina was in 'n Joodse en Arabiese staat verdeel (1 x 2) (2)

2.2.2. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Brittanje (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Hulle het Palestina as 'n integrale deel van die Arabiese wêreld beskou
- Jerusalem was van groot godsdienstige belang vir die Moslems
- Palestina is deur Brittanje aan hulle belowe
- Die Arabiese bevolking sou in Joodse gebied woon onder die verdeling
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die Jode was bereid om te veg om hul onafhanklikheid te beskerm
- Hulle was bereid om vir hul nuutgestigte staat, Israel te veg
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Hulle het hul land aan die Israeli's verloor
- Hulle het hul wonings en inkomste verloor
- Hul het enige onafhanklikheid waarop hulle gehoop het, verloor
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Libanon
- Sirië
- Irak
- Egipte (Enige 3 x 1) (3)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Wes-Bank
- Gaza-strook (2 x 1) (2)

2.3.2
- *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Sy het altyd die huis as haar besitting beskou
- Sy het gehoop dat sy eendag daarheen kon terugkeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 2C – V3]*
**Die bron is bruikbaar omdat:**
- Dit die menslike kant van die Palestynse tragedie wys
- Dit wys dat die Arabiese Palestyne van hul huise moes vlug
- Het hul eiendom verloor en het slegs 'n skeletsleutel as bewys
- Dit gee ons insig oor hoe die Palestyne gevoel het oor die verlies van hul huise en word beskou as een van die redes waarom die konflik voortduur
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Arabiese Palestyne het alles verloor
- Hulle het in armoede geleef
- Arabiese Palestyne was haweloos
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Geen behoorlike tuiste nie
- Vroue en kinders is van basiese benodighede ontneem
- Enige ander relevante antwoord (2 x 1) (2)

2.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die Sionistiese beweging is deur Theodore Herzl gestig om ŉ tuiste te vind vir die Jode (Bron 2A)
- Om godsdienstige redes het hulle op Palestina besluit (eie kennis)
- Immigrasie van Jode na Palestina is aangemoedig (eie kennis)
- Verenigde Nasies verdeel Palestina (Bron 2B)
- Die Jode het die staat Israel gestig (Bron 2B)
- Lei tot die Eerste Israeli Oorlog (Bron 2B)
- Jode bereid om vir hul onafhanklikheid te veg (Bron 2B)
- Lei tot konflik in die Midde Ooste (eie kennis)
- Veroorsaak dat Arabiese Palestyne vlugtelinge geword het (Bron 2C)
- Mense het hul huise verloor (Bron 2C)
- Mense gehoop konflik sal eindig en terugkeer na hul wonings (eie kennis)
- Arabiese-Palestyne het in armoede, wat deur die konflik veroorsaak is, geleef (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| VLAK | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe Joodse nasionalisme gelei het tot konflik en lyding vir die mense van Palestina**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe Joodse nasionalisme gelei het tot konflik en lyding vir die mense van Palestina**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe Joodse nasionalisme gelei het tot konflik en lyding vir die mense van Palestina**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE PASWETTE DIE LEWENS VAN SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's BEÏNVLOED?

3.1 3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Die politieke, ekonomiese en sosiale skeiding van rasse op grond van hul velkleur
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Afskaffing van die Pas en Konsolidasie van Dokumente Wet (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Werkloos vir lang periodes
- Beskou as oorbodig vir die behoeftes van die wit bevolking
- Swak gesondheid
- Hoë ouderdom (Enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hulle kon nie permanente inwoners in stedelike gebiede word nie
- Na verstryking van hul kontrakte moes hulle na hul tuislande terugkeer
- Geen swartes kon die plattelandse gebiede verlaat sonder toestemming van hul plaaslike owerhede nie
- Moes binne 72-uur werk in stedelike gebiede vind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Pas
- Belastingkwitansie (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Ongeskik
- In beheer
- Wreed
- Superieur / meerderwaardig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Het nie meer sy vader as 'n held beskou nie
- Hom geskaam vir sy pa
- Verafsku sy vader wat toelaat dat 'n jong polisieman so
- onbeskof met hom praat
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Kalm
- Sagtheid
- Hardheid (Enige 2 x 1) (2)

3.2.5 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 3B – V3]*

**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Ooggetuie-verslag oor hoe paswette geïmplementeer is
- Wys hoe swartes voor hul kinders verneder is
- Bron beeld uit die meerderwaardige houding van die polisie man toe hy sy pa se pas vra
- Klopjagte kon op enige tyd van die dag of nag op swartes se huise gedoen word
- Swart Suid-Afrikaners het geen sê gehad oor die skending van hul privaatheid nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Dit bevestig hoe paswette geïmplementeer is
- Swart Suid-Afrikaners kon enige plek voorgekeer word om hul passe te wys
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Om te bevestig of hy/sy wettig in Suid-Afrika was
- Om vas te stel waar hulle woon en werk
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Inhegtenisneming
- Boete
- Gestuur om verniet op plase te gaan werk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Doelbewuste instrument om swartes te verneder
- Kenmerk van slawerny
- Wapen wat deur die owerhede gebruik is om swartes in ŉ ondergeskikte posisie te hou (3 x 1) (3)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- "hoe diepgewortel die weersin vir die passtelsel onder swartes is" (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Die paswetstelsel onmiddellik afgeskaf word
- Alle diskriminerende wette afgeskaf word
- Swart Suid-Afrikaners politieke regte kry
- Alle mense in Suid-Afrika gelyk behandel word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Nie alle swart Suid-Afrikaners het die reg gehad om permanente inwoners van Suid-Afrika te word nie (Bron 3A)
- Beperk regte van swartes om na ander dorpe te trek (Bron 3A)
- Die reg om in ŉ sekere dorp te woon kon herroep word (Bron 3A)
- Paswetklopjagte kon enige tyd gehou word (Bron 3B)
- Die paswetklopjag het Modisane se beeld van sy vader verklein/verminder (Bron 3B)
- Die klopjag het die heldhaftige beeld wat hy van sy vader gehad het, laat verkrummel (Bron 3B)
- Klopjag het sy vader vernietig (Bron 3B)
- Swart Suid-Afrikaners kon enige plek en tyd gestop word om hul passe te toon (Bron 3C)
- Swart Suid-Afrikaners kon in hegtenis geneem word, beboet of na plase gestuur word om verniet te gaan werk indien hulle sou versuim het om hul passe te toon (eie kennis)
- Dit het pyn en vernedering vir swart Suid-Afrikaners veroorsaak (Bron 3D)
- Paswette het swart Suid-Afrikaners verneder (Bron 3D)
- Het swartes in ŉ ondergeskikte posisie gehou (Bron 3D)
- Dit het verhoed dat man en vrou saam kon woon en ook kinders van hul ouers geskei (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| VLAK | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die paswette die lewens van swart Suid-Afrikaners in die 1950's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ grot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die paswette die lewens van swart Suid-Afrikaners in die 1950's beïnvloed het**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie eenvoudige manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die paswette die lewens van swart Suid-Afrikaners in die 1950's beïnvloed het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: SWART NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet 'n standpunt inneem of swart Suid-Afrikaners ontneem is van hul politieke, ekonomiese en politieke regte wat die weg gebaan het vir die opkoms van Swart Nasionalisme.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer of hulle met die stelling saamstem of nie.

**UITBREIDING**
- Begin as 'n vorm van weerstand teen kolonialisme/segregasie
- Stigting van die APO in 1902 deur dr. Abdurahman
- Protesteer teen die uitsluiting van swartes vir die reg om te stem
- Delegasie na Londen in 1905 om 'n nie-rassige konsessie te bewerkstellig en diskriminasie te beëindig asook om swartes stemreg te gee. Brittanje ignoreer hierdie versoek
- Stigting van die SANNC in 1912 om diskriminasie teen te staan en politieke regte te wen
- SANNC wou almal verenig wat deur blankes onderdruk is
- SANNC het afgevaardigdes na Londen gestuur in 1914 om teen die Naturelle Grondwet van 1913 te appelleer, maar was nie suksesvol nie
- In 1923 het die SANNC sy naam na die ANC verander
- Stigting van die ICU in 1919 wat die griewe van die swart dokwerkers aanspreek – veg teen die regering se beleid
- ICU het massa-ondersteuning gehad – ANC het die ondersteuning van die elite-swartes gehad
- Stigting van die SAKP wat swart werkers se griewe aangespreek het
- Verspreiding van onderwys lei tot die groei en bewustheid van idees van vryheid en demokrasie
- Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog – baie swartes betrokke wat geveg het vir vryheid en demokrasie
- Jong lede van die ANC word meer militant en vorm die ANC Jeugliga
- Jeugliga het die ANC daarvan beskuldig dat hy die elite verteenwoordig het en nie die massas nie
- In 1953 het die ANC die Vryheidshandves saamgestel vir 'n demokratiese Suid-Afrika ongeag ras
- Pan-Afrika doelwit was om swart mense regoor die wêreld te bevry
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA GHANA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Kwama Nkrumah beïnvloed was deur Pan-Afrikanisme en Ghana tot onafhanklikheid gelei het.

**HOOFASPEKTE**
- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate hulle saamstem met die stelling en hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**UITBREIDING**
- Agtergrondrol van WEB Du Bois, Marcus Garvey en George Padmore in die verspreiding van Pan-Afrikanisme
- Vroeë nasionalisme onder die opgeleide elite wat vertroud was met begrippe soos demokrasie en nasionalisme
- Opgevoede elite word krities teenoor koloniale bestuur
- Britse maatskappye het Ghana se kakao-boere uitgebuit
- Weerstand-taktieke: 1937 landswye staking van kakao-boere
- Boere ondersteun deur dok- en vervoerwerkers-staking het gelei tot 'n nasionalistiese beweging teen Britse politieke beheer
- Staking was 'n sukses. Het verdere nasionalistiese ondersteuning aangemoedig
- Baie swartes het in die Tweede Wêreldoorlog vir demokrasie en vryheid geveg
- Nkrumah woon die Pan Afrikanistiese konferensie by
- Na die konferensie het nasionalistiese idees meer militant geword om Ghana te bevry
- Nkrumah word gevra om sekretaris van die UGCC te word
- Die UGCC het 'n dinamiese politieke beweging geword
- 1948: boikotte en opstande teen Britse goedere en beheer georganiseer
- Nkrumah breek weg van die UGCC en vorm 'n meer radikale nasionalistiese party, die Convention People's Party (CPP), wat onmiddellike onafhanklikheid geëis het
- Die CPP het massa-ondersteuning geniet en 'n beleid van Afrika Sosialisme aangeneem
- Brittanje het beperkte magte vir selfbestuur aan Ghana gegee
- Nkrumah word gearresteer
- CPP het hul stryd voortgesit en die 1957 verkiesing gewen
- Nkrumah word die eerste president van die Goue Kus en hernoem dit Ghana
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA: 1940's tot 1960's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet standpunt inneem of die Nasionale Party regering sy apartheidsbeleid so effektief afgedwing het dat daar geen weerstand in die 1950's plaasgevind het nie.

**HOOFASPEKTE**
- Inleiding: Kandidate moet aandui of die stelling akkuraat is of nie.

**UITBREIDING**
- ANC se Program van Aksie
- ANC word meer militant
- Gebruik boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid en opstande as metodes van weerstand
- Mei-dag wegbly-aksie
- Versetbeweging
- 1952 – breek wette doelbewus – gebruik slegs blanke fasiliteite
- Brand passe in die openbaar
- Weier om boetes te betaal en wou hê tronke moet oorvol word
- Gehoop die apartheidsisteem sou in duie stort
- Sommige vermoor en gearresteer
- Kongres Alliansie
- Konferensie van all rassegroepe om 'n grondwet op te stel
- Vryheidshandves
- Ontmoet by Kliptown op 25 en 26 Junie 1955
- Stel 'n dokument op wat die aspirasies van alle Suid-Afrikaners verteenwoordig
- Word die bloudruk vir die nuwe grondwet vir Suid-Afrikaners
- Vroue-opmars na Pretoria (9 Augustus 1956)
- Vroue gedwing om passe te dra
- 20 000 vroue van alle rasse onderneem optog na die Unie-gebou
- Leiers van die optog – Lilian Ngoyi, Rahima Moosa, Sophie Williams en Helen Joseph
- Eerste Minister, J.G. Strijdom weier om vroue te woord te staan
- Sing "*Nkosi Sikeleli Africa'* toe hulle die Unie-gebou verlaat
- Hoogverraad
- Verset teen apartheid lei tot die arrestasie van lede van die Kongres Alliansie
- Gearresteer vir poging om die regering omver te werp
- In 1956 het die staat 156 aktiviste gearresteer
- Verhore vind vir twee jaar in die "Drill Hall" plaas
- Doel van regering was om mense te intimideer en weerstand te verswak
- Teen 1961 is alle beskuldigdes vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou